MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

24 February 2010

CDA se nuwe strategie om regering misdaadsensitief te maak
"Ons het ons onlangs voorgeneem om onverpoosd op gevalle van moord te hamer tot die regering aan die krisis gehoor gee, maar die omvang van misdaad, en selfs net die gevalle van baie ernstige misdaad soos moord is so groot dat dit ongelukkig 'n onbegonne taak is. Net in die regstreekse omgewing van my woonhuis in Centurion is die afgelope ruk 'n hele paar aanvalle en moorde en enige party sou nie strykdeur daarop kon reageer nie. Ons het derhalwe op 'n nuwe strategie met 'n spesiale rou-logo besluit," aldus ds. Theunis Botha. Leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) en waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie (CDA).

"Voortaan, wanneer ons wel op gevalle van moord gaan reageer, gaan ons die logo met 'n swart strikkie gebruik waardeur ons wil demonstreer dat ons harte na alle misdaadslagoffers en hul naasbestaandes uitgaan, en dat ons almal, ook die slagoffers wat nie die media gehaal het nie, in ons harte en gebede dra. Hierdeur wil ons beslis geen politieke punte insamel nie, en nooi daarom ook ander partye uit om op hierdie of 'n soortgelyke manier hul medelye met misdaadslagoffers te toon."

"Voortaan sal ons in ons mediaverklarings oor misdaad fokus op daardie misdaad wat weens die opspraakwekkendheid daarvan die land se beeld skade doen, soos byvoorbeeld plaasaanvalle, en waaroor die regering volstruispolitiek speel. Die land het juis onlangs die wêreld se moord-hoofsetel geword, en sodoende nog 'n twyfelagtige prestasie by sy bestaande titel van verkragtinghoofsetel gevoeg."

CDA's new strategy to urge government to be sensitive to crime
"We recently expressed our intension to constantly react to murders until such time the government takes the matter seriously, but the mere magnitude of this crime, and other serious crime, is such that it is impossible to keep up. In close proximity where I live in Centurion there was recently a spate of murders and other serious crimes which makes it more than any one Political Party can keep up with. We thus decided on a new strategy, that of using a special logo with a black mourning strip when reacting to these serious crimes, and in so doing expressing our continual condolences to all victims of murder and their next of kin," says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic party (CDP) and acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA).

"In so doing we do not wish to score any political points, and we thus invite all other parties to do the same or something similar when expressing condolences with victims of crime or their next of kin. In future our media releases on crime will focus on those acts which cause harm to the country's image, and to which government still prefers to turn a blind eye, such as farm murders."

"Interesting to note, is that the country recently added the title of the world's murder capital to the existing title of the world's rape capital."